# Newsletter

*in this issue >>>*

***Development***
*Maintenance*
*Improvements*
*Security*
***General news***

**Junie 2026 June**

# Nuusbrief


*<<< in hierdie uitgawe*

***Ontwikkeling***
*Instandhouding*
*Verbeterings*
*Sekuriteit*
***Algemene nuus***

**Welcome to all the new Residents!** **Welkom aan al die nuwe Inwoners!**

## Estate Layout / Landgoed Uitleg




## Ingangshek

Ons ingangshek is vroeg in die nuwe jaar vervang en lyk volgens alle terugvoer baie mooi. Die hek is egter alreeds weer 'n paar keer beskadig deur onverskillige bestuurders en ons vra weereens baie mooi dat inwoners self, maar veral besoekers en kontrakteurs gemaan sal word om versigtig te wees by die hek. Die hek bly vir 10 sekondes oop, maar sodra iemand deurgery het begin dit na drie sekondes weer toemaak sodat daar nie te lank gewag moet word vir die hek om toe te gaan nie. Dit veroorsaak ongelukkig dat indien die teenoorgestelde hek terselfdertyd oopgemaak word, daardie hek ook dan sal stop en na drie sekondes weer begin toegaan. Die veilige ding om te doen is dus om te wag dat die hek eers weer begin toemaak en dan net weer die afstandbeheerder te druk sodat die hek weer oopgaan en u dan die volle tien sekondes sal hê om deur te ry. Dan is daar natuurlik altyd die opsie om beide hekke te laat oopgaan indien die voertuig breed of lank is.




## Entrance Gate

Our entrance gate was replaced early in the new year, and it looks beautiful according to all feedback. However, the gate has already been damaged several times by careless drivers, and we once again ask that residents themselves, but especially visitors and contractors, will be warned to be careful at the gate. The gate remains open for 10 seconds, but once someone has driven through, it starts closing again after three seconds so that the wait is not too long for the gate to close. Unfortunately, this causes that if the opposite gate is opened at the same time, that gate will also stop and start closing again after three seconds. The safe thing to do is therefor to rather wait for the gate to start closing again first and then just press the remote again so that the gate opens and you will then have the full ten seconds to drive through. Then there is of course always the option to open both gates if the vehicle is wide or long.

## AJV

Ons Algemene Jaarvergadering het op die 27ste Mei plaasgevind waar onder andere twee vakante posisies op die Bestuurskomitee gevul moes word en 'n hele



**Welcome to all the new Residents!** **Welkom aan al die nuwe Inwoners!**

paar veranderings aan die Gedrags- en Boureëls voorgelê is vir goedkeuring deur die eienaars. Vyf van die trustees het die tweede jaar van hulle termyn begin. Mnr Pieter Boshoff is herkies as trustee en Mnr Wayne Keppler is verkies as die sewende trustee. Die trustees vir die volgende jaar is dus as volg:

| | |
|---|---|
| Arrie v Huyssteen | Voorsitter & Sekretaris |
| Brenda Coetzee | Tesourier |
| Hein Radley | Onder-Voorsitter & Sekuriteit |
| Leon Neveling | Boukomitee |
| Eric Potgieter | Tuine en Algemeen |
| Pieter Boshoff | Ringmuur en Hekke |
| Wayne Keppler | Boukomitee |

Kontak kan ter enige tyd met trustees gemaak word via die Bestuursagent.



'n Besluit wat baie inwoners raak is die voorstel dat die hoeveelheid hondjies per huishouding in die toekoms beperk word tot slegs een. Die voorstel, soos uiteengesit in die inligtingspak wat saam met die AJV se kennisgewing uitgestuur is, is hoofsaaklik gedryf deur die feit dat die landgoed nou baie vinnig vol raak en dat mense en huise baie nader aan mekaar is met die gevolg dat klagtes rondom die steurnis wat deur blaffende honde veroorsaak word heelwat meer begin raak. Die voorstel is deur die lede aanvaar en het tot gevolg dat daar in die toekoms slegs een hondjie goedgekeur sal word. Waar reeds vir twee goedkeuring verleen is, kan dit so bly totdat een van die hondjies sou doodgaan waarna die een hondjie reël ook op daardie huishouding van toepassing sal wees. Die volledige stel reëls kan vanaf ons Webblad afgelaai word of by die Bestuursagent verkry word. Kan ons ook vra dat Lede met huurders in hul huise asseblief sal seker maak dat die huurders ook kennis neem van die Gedragsreëls.

## AGM

Our Annual General Meeting took place on the 27th of May where, among other things, two vacant positions on the Management Committee had to be filled and several changes to the Conduct Rules and Building Rules were submitted for approval by the owners. Five of the trustees began the second year of their term. Mr Pieter Boshoff was re-elected as trustee and Mr Wayne Keppler was elected as the seventh trustee. The trustees for the following year are therefore as follows:

| | |
|---|---|
| Arrie v Huyssteen | Chairman and Secretary |
| Brenda Coetzee | Treasurer |
| Hein Radley | Vice-Chairman & Security |
| Leon Neveling | Building Committee |
| Eric Potgieter | Gardens and General |
| Pieter Boshoff | Ring Wall and Gates |
| Wayne Keppler | Building Committee |

Contact can be made with trustees at any time via the Management Agent.

A decision that affects many residents is the proposal that the number of dogs per household be limited to only one in the future. The proposal, as explained in the information pack that was distributed with the notice of the AGM, was mainly driven by the fact that the estate is now filling up very quickly and that people and homes are much closer together, with the result that complaints about the disturbance caused by barking dogs are starting to become much more frequent. The proposal was accepted by the members and results in only one dog being approved in the future. Where approval has already been granted for two, it can remain so until one of the dogs dies, after which the one dog rule will also apply to that household. The complete set of rules can be downloaded from our Website or be obtained from the Management Agent. Can we also ask that Members with tenants in their homes please make sure that the tenants also take note of the Conduct Rules.